Sing vooraf: Psalm 145:1, 5 (p. 696)

1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlikheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Konings-eer wat alle krone͡oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.

5 Hul sal, o HEER, u goedheid bly herdink / en vir u heil die jubels op laat klink:
genadig, goed, lankmoedig soos weleer, / barmhartig en 'n redder is die HEER.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 33:1 (p. 157)

1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde͡en lof verklank!

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 66:1 (p. 320)

1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.

Skriflesing: Habakuk 1:1 – 2:4
Teks: Habakuk 1:13
U, wat te rein is van oë om die kwaad aan te sien en die onreg nie kan aanskou nie—waarom aanskou U die trouelose, swyg U wanneer die goddelose dié verslind wat regverdiger is as hy?
(Habakuk 1:13 AFR1953)

Dis nou Kerstyd. Die tyd waarin ons die koms van die Here Jesus na ons wêreld toe herdenk.

- Laat ons dan herdenk dat dit was sodat die geweld van die magte van die satan ons gaan misloop omdat ons, wat sondaars is, deur die bloed van ons Here Jesus gered is sodat ons kan lewe tot in ewigheid.

Kom ons kyk na die volgende sake uit die gedeelte wat ons saam gelees het:

1. Habakuk sien die oordeel.

2. Habakuk bid vir genade.

3. Die Here antwoord Habakuk.

1. Habakuk sien die oordeel.

Iewers was daar ’n stil uitkykplekkie op die stadsmuur waar Habakuk hom gaan terugtrek het om te bid en om met die Here om te gaan. Hiervandaan kon hy na die een kant toe sien wat buite die stad gebeur en na die ander kant toe wat binne-in die stad gebeur.

Op ’n dag het daar iets anders as die gewone begin gebeur. Die Here het hom elke dag dieselfde gesig oor en oor laat sien. Eintlik was dit twee gesigte.

- Na buite toe het die Here hom laat sien hoe die Galdeërs die stad aanval en die mense uitroei.

In hierdie gesig het hy geweldige wreedheid sien gebeur.

- Aan die een kant was die wreedheid iets wat nog aan die kom was – dit sien op die gevolge van die laaste aanval van die Galdeërs op Jerusalem wanneer Jerusalem finaal ingeneem gaan word.
- Maar dit was ook terugwerkend, want Habakuk het goed onthou hoe wreed die Galdeërs was toe hulle die eerste groep van Juda verslaan en weggevoer het na Babel toe.

Habakuk het die genade gekry dat hy verstaan het waarom die Here hierdie wrede Galdeërs gaan stuur.

- Dit het gebeur omdat die Here aan hom geopenbaar het wat in die volk van Juda aan die gang is.

Daar waar hy in die uitkykpos gesit het, het hy ook afgekyk op die stad, en dan het die Here aan hom geopenbaar hoe korrup sy stad se mense is.

- Hulle stry en baklei en hulle pleeg allerhande vorme van geweld.
- Die wet het sy krag verloor – wat beteken dat hulle die Here nie meer dien nie – want die *wet* sien hier op die gebooie van die Here.
- Van eerlike regspraak kom daar onder die volk ook nie meer iets te voorskyn nie, want hulle ongeloof slaan ook in hulle daaglikse lewe uit.

Habakuk ervaar dit so erg dat hy teenoor die Here bely dat die goddeloses sy volk wat regverdig behoort te wees, omsingel het.

- Sy volk is nou al net so goddeloos soos die heidene wat, in die gesig wat hy sien, op sy volk afstorm.
- Die probleem was dus sowel *buitelands* as *binnelands*.

Hierdie gesigte het nou al vir ’n geruime tyd aangegaan, en die hele tyd deur bid Habakuk voortdurend dat die Here hom moet help.

- Hy skryf dat hy selfs geskreeu het: Geweld!
- Hy wou gehad het dat die Here die vyand moet keer dat hulle nie sy volk aanval nie.
- Sekerlik wou hy ook hê dat sy volk tot bekering moet kom.

Maar die Here het hom nie gehelp nie.

- Aanvanklik het die Here Habakuk nie bemoedig nie.
- Al wat die Here gesê het, was dat Habakuk moes kyk; hy sou werklik verbysterd en verstom staan wanneer hierdie gesig in vervulling gaan.
- Dit sal so erg wees dat die ooggetuies wat gaan oorvertel wat daar gebeur, nie geglo sal word nie.
- Daarby het die Here self bevestig hoe wreed die leërs van die Galdeërs gaan wees.

In ons tyd hoor ons dikwels mense sê dat slegte mense (of volke) niks met die raadsplan van die Here te doen het nie!

- Maar hier in vers 6 sê die Here baie duidelik *dat Hy hierdie Galdeërs opwek* om nasies aan te val – waaronder ook Juda is.
- Hy gebruik die Galdeërs om sy volk te straf omdat hulle Hom onbehoorlik aanbid en omdat hulle sosiaal net so sleg soos die heidene geword het.

Tog, as mens fyn luister, is daar genade!

- Die Here is nie lief vir die vyand nie.
- Die Here neem die volk kwalik omdat hulle nie die ander volke bloot gestraf het oor hulle ongeloof nie.
- In hulle geweld het hulle hulle eie verwaandheid aanbid.

Daar staan in vers 11:

> **Dan gly hy verby, 'n wind, en trek verder—maar word skuldig, hy wie se krag sy god is.** (Habakuk 1:11 AFR1953)

Die Galdeërs se norm was hulle eie gesag.

- In hulle selfverheffing en eie goeddunke het hulle hulle verhef bo die ander volke, maar ook probeer om dit teenoor die Here te doen.
- So sien die Here 'n mens wat geweld sy wapens maak.
- Uiteindelik staan die Galdeërs skuldig voor die Here.

2. Habakuk bid vir genade.

Habakuk het aanhou bid vir genade.

- Hy het vir die Here gaan vra of die Here dan nie voor die skepping al God was nie (v. 12).
- Dis merkwaardig dat hy presies dieselfde gedagte het as wat Paulus in Efesiërs 1 het, naamlik dat die Here voor die skepping al geweet en beplan het wie Hy gaan verlos.
- Habakuk beroep hom daarop dat die Here in die lig daarvan tog nie sy volk sal laat sterwe nie.

Hy bid namens sy volk dat die ontsetting wat die Here openbaar hulle tog nie moet tref nie, want hulle is dan die Here se volk.

- Kyk net hoe naby beleef Habakuk die verhouding tussen hom en die Here:

  > **Is U dan nie uit die voortyd nie, o HERE, my God, my Heilige? Ons sal nie sterwe nie. HERE, tot 'n strafoordeel het U hom bestel en, o Rots, tot 'n tugroede het U hom bestem!**

"O HERE, my God, my Heilige."

- Die heiligheid van die Here is vir die sondaar 'n rede tot vrees, want die Here duld juis geen onheiligheid nie.
- Maar juis dit probeer Habakuk omseil, want hy wil nie praat oor die volk se onheiligheid nie – hy bied hulle aan as die Here se volk!

Daarna begin Habakuk kla oor die Galdeëërs.

- Hy weet dat die Here hulle bestem het as 'n *strafoordeel* en 'n *tugroede* oor Juda as gevolg van al hulle sondes.
- Daarmee het hy nie probleme nie, want hy sien dit self in, en hy sien self in die openbaring van die Here die onreg wat sy volk daar in die stad pleeg.

Maar Habakuk is nie tevrede daarmee dat die Galdeërs hulle opdrag wat die Here hulle gee oorskry nie.

- Hulle straf nie net nie, want soos hy dit sien, vernietig hulle alles rondom hulle – ook die Here se volk.
- Daar is baie duidelik 'n verskil tussen straf en vernietig.

Habakuk vertel met vrymoedigheid alles wat hy weet van die algemene optrede van die Galdeërs as hulle teen die ander nasies oorlog maak, en hy voeg dit ook sommer by die dinge wat die Here aan hom geopenbaar het.

- Hierdie mense maak mense bymekaar soos 'n visserman wat sy net deur die water sleep en die visse daarin dan uitsleep op die sand.
- Dan gaan offer hy vir homself en hy aanbid dit wat hy van ander mense geroof het.

Hy vertel in sy gebed vir die Here presies hoe sleg die Galdeërs is – maar deurentyd het hy dit in sy agterkop dat sy volk darem nie so sleg is soos hierdie klomp heidene nie.

- Daarom vra hy vir die Here waarom die Here sit en toekyk terwyl die Galdeërs die mense verslind wat regverdiger is as hulleself.

Die vraag wat beantwoord moet word is: Is Juda werklik regverdiger as die Galdeërs?

- Sal die Here jou beskerm net omdat jy net in naam sy volk is, maar in werklikheid glo jy nie meer nie, of aanbid jy die Here net soos jy lus het?

3. Die Here antwoord Habakuk.

Habakuk is toe terug na die wagtoring toe waar hy altyd bid en waar die Here hom al die dinge laat sien het.

- Toe gee die Here vir Habakuk dieselfde antwoord as dié wat die Hy vroeër gegee het.
- Die Here gaan nie die oordeel keer nie; inteendeel, dit is met 'n goddelike sekerheid op pad.

Die Here het 'n ekstra opdrag gegee, naamlik dat Habakuk die gesigte op kleitafels moet gaan neerskryf, en dit op plekke gaan neersit waar daar baie mense verbyloop sodat hulle dit kan lees.

- Ten diepste was dit 'n opdrag van die Here wat Habakuk sou laat verstaan dat die volk nie belangstel in bekering nie.
- Hulle gaan al hierdie dinge lees, maar hulle gaan niks daaraan doen nie.

Wat die Here duidelik maak, is dat die mense van Juda net so ongelowig is soos die Galdeërs wat aan die opruk is oor die rante.

- Die Here maak verder duidelik dat Hy jou nie oordeel oor die titels wat jy agter jou naam skrywe nie, maar oor wat die verhouding tussen jou en Hom is.
- Oor wat jy van jou geloof en aanbidding maak – oor dinge soos bekering en berou.

Hierdie volk was baie ryk in die Here se genade.

- Tereg wys Habakuk die Here daarop dat hulle 'n uitverkore volk is – die Here se verbondsvolk.
- Tog antwoord die Here dat dit alles jou niks help as jy nie sy genade vir jouself toeëien nie.
- Enige iemand wie se siel opgeblaas is, is nie reg nie. Net die wat regverdig is, sal deur die geloof lewe.

Hoofstuk 2:4 antwoord eindelik op Habakuk se probleem.

- Dit gaan nie in die oordeel daaroor of jy 'n Galdeër is en of jy uit Juda is nie.
- Die regverdige, ongeag wie hy is, sal deur die geloof lewe.

Paulus het in sy brief aan die Romeine die woorde aangehaal en dit daar ook weer onderstreep.

- Die Heilige Gees het net dat hy die openbaring van die Here vollediger neerskryf as wat dit hier staan: Die geloof gaan oor die evangelie van Jesus Christus
  (Romeine 1:16, 17).

  Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek. Want die

> **geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.** (Romeine 1:16-17 AFR1953)

Vir onsself moet ons al hierdie punte bymekaarbring.

- Wat maak ons van die sondes van ander mense en van ons eie sondes en van die evangelie van Jesus Christus?

Is die boodskap aan Habakuk genade of oordeel?

- Albei.
- Die oordeel is dat elke mens wat ongelowig is, of ongelowig lewe, hom teen die oordeel van die Here gaan vasloop.

Die feit dat jy 'n lidmaat van 'n kerk is, en of jy 'n heiden is, bepaal nie noodwendig jou posisie in die Here se oordeel oor jou nie.

- Die regverdige lewe deur sy geloof.
- Dit beteken dat die ongelowiges (in die hoofstukke wat ons gelees het, is hulle die Galdeërs) in elk geval deur die Here veroordeel word tot die ewige verdoemenis.

Terselfdertyd is daar onder die gelowiges 'n verdeling:

- Die roekeloses onder hulle gaan saam met die goddeloses in die ewige verderf in.
- Daar is tog 'n deel wat gered word – die wat in die geloof volhard.

Hulle is die bewys van die grensloosheid van die Here se genade.

- Hulle doen ook verkeerde dinge in hulle lewe.
- Hulle was mos ook deel van die volk wat hulle skuldig gemaak het aan sulke grootskaalse korrupsie – soos Habakuk bely.
- Maar hulle het nie begin om hulleself te aanbid, en om die bestaan van die Here as hulle God te ontken nie.
- Hierdie mense was steeds bereid om tot bekering te kom.

Vir hulle het die Here voorsiening gemaak. Die Here verwys hier na Habakuk se vraag (Habakuk 1:12c) waar Habakuk vraenderwys vir die Here sê dat hulle mos nie sal sterwe nie.

> **Is U dan nie uit die voortyd nie, o HERE, my God, my Heilige? Ons sal nie sterwe nie. HERE HERE, tot 'n strafoordeel het U hom bestel en, o Rots, tot 'n tugroede het U hom bestem!** (Habakuk 1:12 AFR1953)
> **U is tog van altyd af daar, Here; U is my heilige God; ons sal nie sterwe nie. U, Here, het die Galdeërs aangestel om die vonnis te voltrek, U, ons Rots, het hulle die mag gegee om ons te straf.** (Habakuk 1:12 AFR1983)

Nou antwoord die Here dat Hy die regverdiges van sy oordeel vryspreek in die sin dat hulle nie self daarvoor gestraf word nie. Hulle lewe, maar deur hulle geloof.

Uit die boek Habakuk self is dit nie so duidelik hoe die geloofskwessie eintlik werk nie, maar uit die Nuwe Testament word dit heeltemal duidelik.

- Die geloof is geloof in die verlossing wat God die Vader skenk deur die Here Jesus Christus.
- Dit is om versoen te word met die toorn van God.
- Maar terselfdertyd is dit om vrygestel te word van die straf van God oor jou as persoon omdat Jesus Christus, jou Verlosser, die straf in jou plek gaan dra het.

Daarby kom nog die vrymaking van die bande van die sonde deur die werking van die Heilige Gees.

- Prakties beteken dit dat ons nie soos die mense van Juda op 'n bordjie die oordeel van die Here gaan lees en dan maar net omdraai en wegstap asof niks gebeur het nie.

- Ons sal moet besef dat ons sonde doen, en ons dan ook daadwerklik daarvan bekeer.

Dis nou Kerstyd.

- Die tyd waarin ons die koms van die Here Jesus na ons wêreld toe herdenk.
- Laat ons dan herdenk dat dit was sodat die geweld van die magte van die satan ons gaan misloop omdat ons, wat sondaars is, deur die bloed van ons Here Jesus gered is sodat ons kan lewe tot in ewigheid.

Amen.

Slotgebed

Psalm 146:1 (p. 700)

1 Prys die HEER met blye galme,
o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme
vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied,
altyd groot maak in my lied.

8 Dis die God der leërmagte,
troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte,
tot in ewigheid die HEER.
Sion, sing die God ter eer,
prys sy grootheid, loof die HEER!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 30 November 2008 – Bellville (aanddiens tydens Kersprogram)